



Louwtjies warm op vir die 'Olimpieks'



Reinhardt de Jager

Die Olimpiese Spele begin einde Julie in Frankryk en atlete oefen dat die stof spat. By Louwtjies word daar ook al van Januarie af hard voorberei vir die Olimpieks-revue, wat in Oktober op die planke sal wees by die Mosaïek-teater. Die Louwtjie het gaan inloer by van die leerlinge wat hoofkarakters in die revue speel. [Lees nog onderhoude op bl.4.]



Romé Pretorius in graad 6 speel Leana



Die hoofspelers in die revue tydens 'n video-opname by Lanseria-lughawe.

Vertel ons van jou rol?

Die karakter is gebaseer op juffrou Leana du Toit toe sy klein was. My karakter gaan deur verskillende emosies en uitdagings met haar gesin, maar sy is eintlik 'n baie happy go lucky meisie. Sy is eintlik baie soos ek in die regte lewe."

Hoe het dit gevoel toe jy die rol gekry het?

"Ek was so geskok! Ek het sommer net gegaan vir die lekkerte en toe ek die rol kry, was ek so opgewonde en bly."

het jy geweet?

- Die skool hou **een keer elke ses jaar** revue.
- Juffrou Leana du Toit** van die graad 4's droom regtig daarvan om Olimpiese Spele toe te gaan. Sy is 'n naelloop-atleet.
- Daar is **31 liedjies** in die revue.
- Al die skoolkinders neem deel.
- Daar is **22 hoofrolle** in die revue
- Revuedatums: 2 en 3 Oktober



Adriaan Reyneke in graad 6 speel Janneman

Vertel ons meer van die karakter?

"Hy is so 12 jaar oud en hy hou van 'n meisie in sy skool, Leana. Janneman hou baie van sport en sy grappies hou die atmosfeer lig en lekker."

Wat is die rol se grootste uitdaging?

"Dis om heeltemal van myself te vergeet en my karakter te word, want daar is 'n paar scary goed, soos om Leana ' drukkie te gee en haar hand vas te hou."

Is daar ooreenkomste tussen jou en Janneman?

"Daar is baie ooreenkomste... soos dat ek baie praat en goeie grappies maak. As Janneman dit doen, irriteer hy Leana se gesin."



Lian Grobler in graad 6 is die skoolhoof

Wie is jou karakter?


"Ek is mnr. Martin Bensch, die hoof van Laerskool Louw Geldenhuys. Ek maak seker die kinders kan na die Olimpiese Spele in Frankryk gaan. Ek moet ongelukkig by die skool bly..."

Wat is die beste ding van jou karakter?

"Ek kan 'n bril soos mnr. Bensch s'n dra en lyk net soos hy! En ek moet dans en sing."

Jy hou van kultuur, sing en is ook baie goed met redenaars. Wil jy eendag 'n akteur word?

"Nee, ek wil nie regtig 'n akteur word nie, maar ek geniet dit om op te tree. Ek wil eintlik 'n argitek word."



Redaksie 2024



Ons dra hierdie uitgawe van 'Die Louwtjie' op aan Retha Bezuidenhout, ons geliefde 'kantoortannie'. 'n Huldeblyk sal in die volgende uitgawe gepubliseer word.

Die redaksielede van **Die Louwtjie** het baie hard gewerk aan die eerste koerant vir die jaar.

Hulle is, van agter links: Ava Beukes (gr.7), Cara van der Waal (gr.7), Elza Engelbrecht (gr.7), Nicah Clark (gr.7) en Reinhardt de Jager (gr.7). Middelste ry: Surinel Buitendacht (gr.7), Isabella Oosthuizen (gr.7), Megan van Niekerk (gr.7), Andreas Coetzee (gr.6), Sunette Janse van Rensburg (gr.6). Voor middel: Lize Gerber (gr.6) en heel voor, Romé Pretorius (gr.6.)

Die koerant word saamgestel deur Riëtte van der Wat en juffrou Rosanne Ford. Ons publiseer in dié uitgawe vir die eerste keer spotprente deur leerders, grappies en sommer baie speletjies en inkleurprente. Geniet dit om saam te speel, te lees en te kyk! Die volgende uitgawe van *Die Louwtjie* word in die vierde kwartaal gepubliseer.



Louwtjies vra: 'Is 50 oud?'



Die skoolhoof, mnr. Martin Bensch, het in April verjaar en 50 jaar oud geword. Romé Pretorius en Surinel Buitendacht wou by maats in die juniorfase weet of hulle dink vyftig is "oud" of nie.



Sias van den Berg, graad R

"Ja, dis baie oud, want jy moet lank tel."



Mia Schoeman, graad 2

"Nee, dis nie oud nie, omdat dit nie 'n eeu (100 jaar) is nie."



Liliana Kirchner, graad R

"Ja, want vyftig is baie amper 'n honderd jaar oud."



Lisa Pienaar, graad 2

"Ja, want jy lewe al lank."



Elizabeth Spanenberg in graad 1

"Vyftig is vir my oud. As jy vyftig is, bly jy net by die huis en doen niks, behalwe as jy 'n meneer is soos mnr. Bensch."



Christopher Retief in graad 3

"Vyftig is 'n ou ouderdom, maar as ek na mnr. Bensch moet kyk, lyk hy glad nie vir my vyftig nie."



Muller Borman in graad 1

"Ek dink vyftig is baie baie oud, omdat dit meer as veertig is."



Alet van Tonder in graad 3

"Ek dink nie vyftig jaar is oud nie, want mnr. Bensch dra nog steeds 'cool' tekkies."

Redaksielede van die skoolkoerant leer by top-joernalis

"Ek het my loopbaan as joernalis by die skoolkoerant begin," sê die eNuus-nuusleser en skrywer Daniëlla van Heerden.

Sy het in tweede kwartaal met die redaksielede van *Die Louwtjie* kom gesels en die span het aan haar lippe gehang. Volgens Daniëlla leer 'n mens baie goeie vaardighede by die skoolkoerant, soos hoe om gemaklik met mense te praat en om goed te kan skryf.

"Dit is dinge wat jy in enige loopbaan kan gebruik, al word jy 'n dokter of 'n ingenieur," sê Daniëlla, wat self 'n redaksielid van haar laer- en hoërskool-



-koerante was in Potchefstroom.

Na haar joernalistiekstudies by die Puk en die Universiteit Stellenbosch het sy

as joernalis begin werk by *Beeld*.

Daniëlla sê dis baie lekker om soveel interessante goed te doen vir werk.

"Ek moes een jaar by die Randse Paasskou in 'n groot kis vol slange klim toe ons 'n storie daar gedoen het vir eNuus," sê sy.

Volgens **Romé Pretorius**, een van die redaksielede, was dit baie lekker om Daniëlla se "*tips en tricks*" te kon hoor.

"Ons kon haar lekker uitdra en fantastiese antwoorde kry," sê sy.

*Daniëlla se boek *As jy droom*, is deur Pan MacMillan uitgegee. Ouers kan gerus haar podcast, 'n Ma en 'n Mikrofoon luister.

Lees en liefde gevier by Louwtjies se M-dag

Die Louwtjies het Moedersdag hierdie jaar met 'n leestema gevier. Elza Engelbrecht skryf oor die dag én oor hoekom lees so belangrik is.

Min dinge is so lekker as om saam met jou ma 'n boek te sit en lees. Daarom het die skool Moedersdag hierdie jaar met 'n leestema gevier.

Almal kon in Mei boeke skool toe bring om uit te ruil vir nuwe leesstof en in die klas het ons boekmerke vir ons ma's versier.

Ma's en kinders het ook ten bate van die graad 6-fondsinsameling op die Vrydag voor Moedersdag saam op die rugbyveld gelees.

Die kinders kon ook baie kreatief raak met enige kostuum wat met 'n M-begin. Daar was alles van 'n maatband tot 'n Marie-beskuitjie.

"The more that
you read, the more
things you will know.
The more that you
learn, the more
places you'll go."

Dr. Seuss

Gewilde mediasentrum-boeke



het jy geweet?

- Jy kan voor skool en in eerste en tweede pouse boeke uitneem by die mediasentrum.
- Graad 6'e kan medialeiers wees.
- Die boeke in die boekrak hierbo, is volgens juf. Esri so paar van dié wat die meeste uitgeneem word.

Die lesery het dalk nie so lank gehou nie omdat almal na mekaar se kostuums wou kyk, maar almal het dié nuwe tradisie baie geniet.

Magda van Biljon, wat in ons ma's en pa's se kinderdae die aanbieder van die kinderprogram 'Wielie Walie' op televisie was, het dieselfde dag vir die die hele skool kom stories lees in die saal.

"Tannie Magda het baie goed gelees, sy het goed stemme gebruik om karakters se emosies te wys. Sy't ook geklink asof sy geniet wat sy lees," sê Elizabeth McDermott in graad 5.



7 redes om te lees

Juffrou Esri Strauss, die graad 7 Afrikaans- en mediasentrum-juffrou, sê waarom lees goed is vir jou:

- 1 Dit verbreed jou woordeskat.
- 2 Dit help met persoonlike groei en hoe jy jouself sien.
- 3 Dit ontwikkel kreatiwiteit en verbeelding.
- 4 Lees verminder stres en verbeter hoe jy elke dag voel.
- 5 Dit verbreed jou kennis van die wêreld.
- 6 Dit verbeter fokus en konsentrasie.
- 7 Dit help met jou leerwerk.

Kameelperde en koekies

Wat maak die mammas by Louwtjies so oulik?
Isabella Oosthuizen het gaan uitvind.

Isabella Verwey, graad 5



"As ek aan my ma dink, dink ek aan... liefde en sop. Sy is baie sag en warm, sy laat my altyd gelukkig voel!"

Wat doen jy en jou ma graag saam?

"My ma help my altyd om te leer en voor te berei vir al my toetse. Ek geniet dit altyd om met my ma te gesels."

Gustav Krieg in graad 5



"As ek aan my ma dink, dink ek aan..."

kameelperde en Pringles, want my ma is die sout van die aarde!"

Wat doen jy en jou ma graag saam?

"Ek en my ma het altyd 'n goeie tyd as ons fliëks saam kyk. Ons albei geniet komedie- fliëks."

GJ Buitendicht, graad 4



"As ek aan my ma dink, dink ek aan..."

koekies, liefde en haar helderkleurige leopard print-rokke. Dit sit my altyd in 'n goeie bui."

Wat doen jy en jou ma graag saam?

"Ek en my ma werk graag saam in die tuin en maak ook saam kos. Sy is die beste ma!"

Emma Oosthuizen in graad 4



"As ek aan my ma dink, dink ek aan... lekker kos en hoe liefdevol sy is. My ma is altyd daar vir my!"

Wat doen jy en jou ma graag saam?

"In die somer swem ons saam. Ek geniet dit om saam met haar beskuit te bak. Ek geniet elke oomblik saam met haar!"

M is vir...



Mario

Foto's: Yolande Jonker



Mnr. Bensch



Moerbei



Mary Poppins



Mummie

Nog
foto's op
bl.11

Juf. Berti: Superheld vir Afrikaans

Nicah Clark

As Afrikaans 'n superkrag was, het Louwtjies verseker ons eie superheld in juffrou Berti de Villiers.

Sy is so lief vir Louwtjies en haar taal dat sy na haar aftrede in 2023 teruggekom het om te kom help toe die skool haar nodig gehad het.



Droomwerk

Sy sê haar werk is 'n roeping: "Dit maak my baie gelukkig. My werk is vir my 'n plesier en dit maak my kinderlik opgewonde om deel te wees van hierdie avontuur."

Juf. Berti is al vir 40 jaar 'n onderwyseres. Sy het studeer aan die Potchefstroom Onderwyskollege en was eers 'n hoërskoolonderwyser.

Agtpoot-klasmaat



Juf. Berti sê sy het ook daarvan gedroom om 'n verpleegster of 'n argitek te word. En as Afrikaans nie haar passie was nie, sou sy graag Natuurwetenskap wou gee.

Maar die dag toe 'n leerder 'n spinnekop skool toe bring en die karnallie ontsnap

tydens 'n praatjie, was sy maar net te bly sy gee eerder Afrikaans.



Breine soos sponse

Sy is baie lief vir kinders en is altyd verbaas oor hoe leerders se breine nuwe inligting soos sponse absorbeer.

"As kinders ontdek hulle kan gedigte en stories van hulle eie skryf, kry hulle verbeelding vlerke," sê sy.

Die een ding wat haar baie kwaad maak en wat sy nog nooit kon verstaan nie, is as kinders hulle boeke weggooi.

Toekomsplanne

Wanneer sy regtig eendag aftree, wil sy haar kinderboek klaarskryf.

"Ek het ook al begin om studiegidse te skryf vir vakke, maar in 'n lekkerlees-storieformaat.

"My pad met kinders sal nooit kan skei nie, daarvoor is ek veels te lief vir hulle.

Dis hoekom ek by naskool en vakansieskool betrokke bly."

Juf. Berti en haar man, oom Pierre, het twee kleinkinders wat haar hart baie bly maak.



Gunsteling

Kos: Spanspek en vrugteslaai met roomys

Musiek: Klassieke musiek

Kleur: Pers en turkoois

Afrikaanse boek: "My grootste Afrikaanse boek sluit alle genres in: wonderwerke, gruwels, liefdesverhale, helde... Dit word *Die Bybel* genoem en is die rigtingwyser in my lewe.

Fliëk: *Titanic*

Blom: Roos

Stokperdjie: Naaldwerk en brei

Vakansieplek: Kanada



Taal-wenk!

"Ons wou by juf. Berti weet of daar 'n taalreël is wat sy wens kinders wil regkry. Lees hier voor jou volgende Afrikaans-toets:



- Wanneer klanke kort klink, verdubbel die konsonant. As die klanke lank is en daar is 'n meervoud, val die een klank weg.
- "As woorde ontrond uitgespreek word, veroorsaak dit spelfoute sonder dat jy dit besef."

Ontmoet nog twee revue-karakters (vervolg van bl.1)



Elza Engelbrecht in graad 7, is Ouma San

Vertel ons so bietjie van jou karakter?

"Ouma San is baie liefdevol, maar partykeer so bietjie vreemd."

Is jy en Ouma San dieselfde?

"Nee, nie regtig nie. Sy het outydse smaak en ek is natuurlik nie só oud nie, maar party dinge wat sy sê is vir my baie snaaks."



Frederik van Deventer in graad 7 is Gert

Vertel ons meer van Gert?

"Gert is 'n tipiese tienerseun wat glad nie oor skool omgee nie. Hy is die ouboet."

Het jy gedink jy gaan die rol kry?

"Nee, glad nie, want ek het sonder 'n plan na die oudisie gegaan."


Oulike Aimee ‘niks bang’ voor kamera

Lize Gerber

Is dit Kwêla of Fiësta op kykNET? Nee! Dis Louwtjies se bemarkingsvideo, waarin LLG-leerders uitblink as aanbieders.

Een van die blink sterre in die video, is Aimee Möller, in graad 5.

Toe sy die heel eerste keer gehoor het die skool gaan die video maak, wou sy dadelik betrokke wees. Aimee sê sy was verskriklik opgewonde en glad nie skrikkerig om voor die kamera te wees nie.



“Ek het ongelukkig net ‘n paar uur gehad om te oefen, omdat ek die vorige paar weke in Switzerland was. Aan die begin het ek van my woorde verkeerd gekry, veral ‘holistiese benadering,’” sê sy.

Maar **deur weer te probeer en nie op te gee nie**, het sy haar woorde na ‘n paar keer se oefen perfek reggekry en lyk sy sommer baie gemaklik agter die kamera.



Meer oor Aimee



- Aimee wil ‘n veearts word wanneer sy ouer is. Sy bewonder haar oupa wat ‘n veearts in Alberton is. Sy is mal oor honde, maar is allergies vir katte.
- Aimee se stokperdjies is sing, dans, atletiek, hekkies-hardloop en verf. Sy het al aan Kollig Sang en Dans en aan ‘n hele paar sangkompetisies deelgeneem.

“Ek doen nie redenaars of drama nie, maar ek geniet dit om te sing en ek het sanglesse by Helene Bester gehad. Ek is gewoon daaraan om op te tree,” sê sy. Louwtjies moet Aimee binnekort groet, want sy en haar gesin trek in Julie Switzerland toe. Sy sê sy gaan die skool, die onderwysers, haar vriende en haar familie in Suid-Afrika en natuurlik die skool, baie mis.

“Daar is iets vir almal by Louwtjies. Ek is dankbaar vir elke geleentheid en die liefde, geduld en aansporing van al my onderwysers en mnr. Bensch. Ek is ook dankbaar vir al my awesome vriende en gaan hulle so baie mis.”

Aimee het nie eksamen geskryf nie, maar het die leertyd gebruik om haar Duits te oefen.

“‘n Tutor van die Goethe Instituut kom twee keer per week na ons huis toe,” sê Aimee. “My gunsteling Duitse woorde is ‘ich liebe dich’ – ek’s lief vir jou.”

Gebruik dié QR-kode om na die Louwtjie-bemarkingsvideo te kyk op YouTube.



Rubriek

Skoolbadkamers: Hou dit splinternuut en silwerskoon

Reinhardt de Jager en redaksie

Die graad 1 en 2-badkamers het vroeër die jaar ‘n *‘extreme makeover’* gekry. Dit het ‘n baie groot verandering gemaak en behalwe dat dit nou omtrent blink van skoonheid, lyk dit ook of foto’s van dié badkamers op Pinterest hoort. Die kleur-kombinasies is mooi en die nuwe speëls is baie modern.

Vir my en van die ander redaksielede van *Die Louwtjie*, wat al baie hieroor gepraat het, kan skoolbadkamers nogal ‘n grillerige groot probleem word as dit te oud raak, of die wasbakke se verf



begin afdop.

Die ander probleem is dat dit partykeer sommer net vuil is omdat party mense vergeet hoe om ‘n toilet te speel...

Die skool se skoonmaakpersoneel werk baie hard om elke dag die badkamers skoon te hou en ons moet hulle harde werk respekteer.

Maar dit is ook ons as leerders se verantwoordelikheid om die skoolbadkamers skoon te hou.

Daar is baie kieme in badkamers, ouens, en dit help almal as jy die toilet speel en jou hande was.

En skryf eerder briefies op papier vir jou vriende, as om dit teen die agterkant van die badkamerdeure uit te krap.



R250
Volwassenes

R180
Skoliere : ouderdom 5-18

LINDEN FEES 2024

saam met Alvin Bruinders



31 AUG 2024: 14:00-23:00

Kollig Kuns: Kreatiewe kunstenaars

Deur Sunette Janse van Rensburg

Die beroemde kunstenaar, Edgar Degas, het gesê: "Kuns is nie wat jy sien nie, maar wat jy ander kan laat sien!"

Louwtjies het sommer baie kreatiewe kunstenaars wat ons help om die wêreld deur hulle oë te sien met hulle kunswerke.

Hierdie jaar se KOLLIG Visuele Kuns



Andreas Coetzee in graad 6

Wat het jy geteken vir die KOLLIG Visuele Kunstefees?

Andreas se gedagtes was propvol tekenprente, planete en vlieënde ruimtetuie, maar as ons na die hamburger en melkskommel kyk, kan ons aanneem dat hy dalk honger was!

Was dit vir jou moeilik om onder druk kunstig te wees?

"Dis baie stresvol om so teen tyd te teken en te jaag," vertel Andreas. "Mens wil jou gedagtes laat gaan terwyl jy teken, en dis baie moeilik as jy die horlosie moet dophou."

Wat is vir jou lekker van kuns?

"Ek hou daarvan om spotprente te teken wat mense laat lag."

- Andreas en Sunette, wat dié artikel geskryf het, is Die Louwtjie se eerste twee spotprentkunstenaars. Gaan kyk op bl.2 en bl.14-15!

Kunstefees het ons skool se kreatiewe leerders weer 'n geleentheid gegee om hulle gedagtes op papier uit te beeld. Die deelnemers het uitstekend gevaar en die LLG-seniors het uitblink onder die top tien in hul kategorie.

Ons plaas twee van ons eie visuele kunstenaars in die kollig om ons meer te vertel van hulle ervaring by die jaar se Kollig Visuele Kuns Kunstefees.



Khloé van der Merwe in graad 6

Wat was die tema en wat het jy geskilder?

"Hierdie kwartaal se tema was om jou gedagtes op die een of ander manier in jou kuns uit te beeld. Ek het 'n oog geteken wat met bloeisel omring is," vertel Khloé.

Sy is 'n meisie wat die mooi dinge in die lewe raaksien.

Is dit stresvol om so onder druk kreatief te wees?

Volgens Khloé was dit nie 'n probleem nie. Die druk het dit juis opwindend gemaak: "Daar was baie maats en almal was vriendelik. Dit was baie pret en die kinders het dit baie geniet!"

Waarom hou jy van kuns?

"Ek hou van kreatiwiteit. Kuns is vir my lekker omdat jy baie leer en enige iets kan maak. Al wat jy nodig het is 'n potlood en 'n papier! Jy kan baie pret hê terwyl jy in jou eie kuns-bubble is," sê Khloé.





Foto album

vrag sokkie



valentynsdag



Mnr. Bensch verjaar!



Graad 2 Brandopleiding by Modderfontein



TREK AAN SOOS 'N



Graad R en graad 1

LOUWTJIES LEWE



Gr.7-balkieseremonie



011 791 1300



Sedert / Since 1964

CONSTANTIA
Skooldrag / Schoolwear

H/V Malibongwe & Rabie Straat, Randburg

ONS VERSKAF:

- Blairgowrie Primary
- Bordeaux Primary
- Bryanston Parallel Medium
- Casa Do Sol
- Delta Park
- Fairland Laerskool
- Fontainebleau Laerskool
- I R Griffiths Primary
- Linden Hoërskool
- Louw Geldenhuys Laerskool
- Randburg Hoërskool
- Sharonlea Primary
- The King's School (Robin Hills)
- Unika Laerskool

www.constantiaschoolwear.co.za

SKOOLDRAG



TOTEM
boomerang

SKRYFBEHOEFTE



SPORT en KULTUUR



HAMBURGER




Deur Andreas Coetzee



Ha-ha-ha-

SOEK DIE PAD

Help die ruimte-man om terug te kom op die aarde!



WORSHONDJIE



Deur Sunette Janse van Rensburg

ha-ha-ha-ha-ha



Wat kry jy as jy 'n windhond
met 'n muishond kruis?
'n Dier wat met 'n stink
spoed hardloop.



Wat noem jy 'n kat wat
alles reg doen?
'n Purrrfeksionis!

Wat kry jy as jy 'n krokodil
met 'n roos kruis?
Ek weet nie maar moet
eerder nie daaraan probeer
ruik nie!



Hoekom is 'n
krokodil groen en
vol skubbe?
Want as hy geel
en glad was, was
hy 'n piesang.

Slimjan

Juffrou: "Die eerste een
wat my vraag kan antwoord
gaan vroeg huis toe vandag."

Jan gooi sy tas by
die klas se venster uit!



Juffrou: "Wie se tas was dit?!"
Jan: "Myne, Juffrou...
Cheers ouens!"



Sunette Janse van Rensburg

KLASKENADES

Deur Sunette Janse van Rensburg



KLEUR ONS IN!



Graad 1 tot 3: Wen!

Graad R tot graad 3-maats: Kleur dié prentjie in, neem 'n foto daarvan en stuur dit teen 9 Julie na dielouwttjie@llg.co.za. Onthou jou naam, van en graad. Een maatjie uit elke graad sal 'n prys wen. Die wenner sal in die derde kwartaal bekend gemaak word.





Graad 4 tot 7: Wen!

Graad 4 tot 7's: Kleur dié prent in, neem 'n foto daarvan en stuur dit teen 9 Julie na dielouwtjie@llg.co.za. Onthou jou naam, van en graad. Een leerling uit elke graad sal 'n prys wen. Die wenner sal in die derde kwartaal bekend gemaak word.

Raad van 'n maat

Oorwin die huiswerkmonster: Hier's wenke


Sunette Janse van Rensburg

As jy leerders sou vra of hulle te veel huiswerk kry, is die antwoord mees waarskynlik: "JA!". Maar is dit regtig so? Ons skool se onderwysers probeer hul bes om ons nie te oorlaai met werk nie. Ongelukkig voel dit nie altyd so nie... Hoekom?

Kinders is besige wesens. Ons is betrokke by allerhande aktiwiteite na skool en as ons by die huis kom, is ons doodeenvoudig net te moeg om nóg te werk.

Een manier om hierdie situasie te hanteer mag dalk vreemd klink en dit is: **Vat 'n breek!** Die probleem lê dalk in die feit dat baie leerders nie weet wat 'n "breek" nou eintlik is nie.

'n Blaaskans is verseker nie om ure voor die televisie of op jou foon te wees nie. Dit maak 'n mens gewoonlik net nog moeër as tevore. Wat moet jy dan doen?



Hier is 'n paar voorstelle wat vir my werk:

1 Haal diep asem: Sit vir 'n kwartier buite, onder 'n boom, as jy kan, en maak jou gedagtes stil. Vat 'n oomblik om alles om jou waar te neem: die

gesing van die voëls, die wolke se patrone, die ligte briesie wat oor jou waai, die reuk van bloeisel in die lug. So rukkies stilte herlaai jou batterye.

2 Gebruik jou tyd reg: Gebruik afperiodes by die skool om jou huiswerk klaar te maak. Dit is nie altyd maklik nie, maar dit help baie om jou huiswerk te verminder.

3 Maak dit pret: 'n Goeie houding help baie. Kyk hoe vinnig kan jy jou huiswerk kan doen deur 'n stophorlosie te gebruik en verander huiswerk in 'n speletjie: skool-speel maak dit lekker om te leer!

4 Beplan jou tyd: Nog iets wat belangrik is, is tydsbestuur. Probeer om 'n rooster op te stel, dan kan jy sien hoe alles in jou dag gaan inpas. Dit help ook om spanning te verlig.

HOOP @ JESUS

Om Jesus te ken en Hom bekend te maak

DIE Akker

Christelike Kerk

Huis van SCRATCH NPC

Dienste: | Laerskool Louw Geldenhuys,
Sondae 9h00 | 7de Straat, Linden



-verhoudings op laerskool: ✓ of ✗



Die Louwtjies het op Valentynsdag in vrolike klere skool toe gekom.

Foto: Yolandie Jonker

In die laerskool is daar 'n paar kinders wat al klaar "uitgaan" met iemand.

Romé Pretorius het met 'n paar leerders gepraat oor wat hulle dink van 'boyfriends' en 'girlfriends' op laerskool. Sy het ook raad gekry by die skool se Habitat-sentrum.

Charlotte Spannenberg in graad 4

sê jy moenie iemand moet *date* in die laerskool nie, want dis "inappropriate" en "net nogal vreemd". Dit kan vriendskappe maklik breek.



Keigh-Leigh Buitendacht is graad 5

sê: "Ja, dit kan jou laat skool toe kom omdat jy hom of haar wil sien," sê sy. Sy sê ook dat dit jou ook gelukkig maak, jou lewe interessant en *fun* maak.



Oom Hennie Vorster, een van die opvoedkundige sielkundiges by die Habitat Sentrum, het so bietjie raad:

Dink oom 'n laerskoolkind moet 'n kêrel of nooi hê?

"Dis lekker om te voel dat iemand in jou belangstel, né?

Maar laerskoolkinders kan hulle tyd en energie op soveel ander dinge spandeer as op 'n nooi of 'n kêrel. Op laerskool is die kinders ook nog nie volwasse genoeg vir so 'n verhouding nie. Meestal is 'n *boyfriend* of 'n *girlfriend* eintlik maar net 'n goeie vriendskap waar twee mense van mekaar hou."

"Sodra die een die ander een uitvra, verander dinge, en baie keer is hulle dan so senuweeagtig by die ander persoon, dat hul eintlik nie eers met mekaar praat nie!"

Hoekom dink oom so?

"Laerskool-verhoudings maak dit nie altyd in die hoërskool nie. Wanneer jy hoërskool toe gaan, is daar baie kinders van ander skole daar, en dan brei jou vriendekring uit.

So, hoekom tyd aan 'n kêrel of nooi afstaan, wanneer jy dit eerder by jou vriende, sport of selfs akademie kan deurbring?"

Ruben Waldeck-Rossouw in graad 6

dink jy moet eers in graad 7 begin *date*. Hy sê dat dit dan beter is, want in graad 7 kan jy dan met jou meisie praat op jou foon.



Nienke Nel in graad 7 sê:

"As jy reg is vir een, dan *go for it*, maar moenie jouself dwing nie."



As 'n laerskoolkind 'n kêrel of nooi het, wat is oom se raad vir hulle?

"My raad sal wees dat hulle seker maak of dit regtig is wat hulle wil hê?

As daar iemand is van wie jy baie hou, bring eerder tyd saam deur en bou 'n goeie vriendskap, as wat julle 'uitgaan'."



Rubriek

Uitdaging: Hou vakansie sonder jou foon

Cara van der Waal

Verbeel jou: Dis vakansie. Daar was 'n reusagtige ontploffing by die kragstasie. Jou sonpaneel het opgehou werk, en julle het nie enige krag nie. Al julle selfone is heeltemal pap. Hoe gaan jy jouself besig hou?

Sal 'n tegnologie-vrye vakansie regtig so boring wees?

Ons het so afhanklik van ons selfone geraak dat ons dink dat ons nie meer kan lewe sonder ons fone nie.

Selfone is nie altyd 'n slegte ding nie. Jy gebruik dit om te kommunikeer met ander mense, jy kan enigiets uitvind op die internet deur net 'n vraag vir Google te vra. En om nie eers te praat van Chat GPT nie! Tegnologie het al so ver ontwikkel en dit verstom my.

Maar, ongelukkig is dit ook 'n slegte ding om jou foon te veel te gebruik. Ons weet nie hoe om onself te vermaak

"Dalk ontdek jy 'n stokperdjie as jy jou foon net vir 'n halfuur neersit."



deur boeke te lees, of bordspeletjies te speel nie. Wie het dit nodig as daar YouTube, TikTok en Instagram is?

Daar is so baie dinge wat jy kan doen om jouself besig te hou sonder 'n foon.

Wat van swem? Of om te gaan stap met jou honde? Dalk kan jy iets lekker saam met jou gesin doen. Dalk ontdek jy 'n stokperdjie as jy jou foon net vir 'n halfuur neersit.

En, as jy nou regtig nie van my idees hou nie, kan jy dalk jou verbeelding gebruik en self aan iets dink om te doen. Dit kan baie meer pret wees as om die hele dag te sit en Netflix te kyk!

Om jou verbeelding te gebruik kan net so lekker wees soos om 'n speletjie op jou foon te speel.

Glo jy my nie? Wel, hoekom probeer jy dit nie self nie?



100% INDIAN COTTON

The style of Gypsy Rose Cotton Clothes can be described as bohemian chic, with a blend of relaxed silhouettes, flowing fabrics, and playful embellishments. Our collection includes dresses, tops, skirts, and other garments that can be mixed and matched to create effortlessly stylish outfits suitable for various occasions. Whether you're looking for a breezy summer dress, a comfortable boho top, or a unique piece that captures the essence of wanderlust, Gypsy Rose Cotton Clothes offers options that cater to those seeking an individualistic and free-spirited fashion statement. By embracing the beauty of cotton and infusing it with artistic and bohemian elements, Gypsy Rose Cotton Clothes invites individuals to express their personal style and embrace a sense of adventure and self-expression through their clothing choices.



AWARDED
Best Specialist
Criminal & Family
Law Firm - Gauteng
MEA Business
Awards 2022

AWARDED
Most Client-Focused
Family Law Firm -
South Africa
AI Legal Awards
2022

AWARDED
Best Multi-Sector
Law Firm 2023 -
Johannesburg
AI Legal Awards
2023


Apostille
Services


Commercial
Law


Conveyancing
Law


Criminal
Law


Debt
Collection


Family
Law


General
Litigation


Labour
Law


Wills &
Estates

We fight for your Rights

We resolve matters


BURGER HUYSER
ATTORNEYS

metrowatt
YOUR SMART POWER PARTNER

LOUWTJES ONTMOET METROWATT SOLAR

Ons is in **jou area**, en doen graag 'n
gratis huis konsultasie!

Ons solar **pas op jou dak & in jou sak.**

Ongeag of jy huur, of die eienaar is,
ons kan jou ligte aan hou.

**SOLAR &
BATTERYE
VANAF**

R1,130p/m*



POWER M KOMPETISIE!

Wen een van 3 Power M's!
Ter waarde van R80,000



Die Kompetisie begin vanaf 1 Maart tot 31 Mei 2024

Make your next move the **RIGHT ONE!**

Whether you're looking to Buy, Sell, Rent
or Auction property, let us help you
make the the right move!



Buy | Sell | Rent


RESIDENTIAL | COMMERCIAL | DEVELOPMENTS | AUCTIONS
PROPERTY MANAGEMENT

011 731 0300 | www.firzt.co.za

Liewe Linden diereliefhebbers, ons stel bekend Animal Junxion winkel en Animal Junxion Groom Room diersalon:



Aandag alle honde en katte!
Kom kuier by ons troeteldiersalon.
Ons sal julle was en julle stylvol
laat lyk vir julle volgende stappie
in die park.



Alle diereliefhebbers, kom koop julle
troeteldiere se kos en benodighede
by ons winkel. Goeie pryse en groot
verskeidenheid!



Ons het ook n verskeidenheid produkte
vir vissies en ander troeteldiere.
Kom loer gerus vir ons vissies en garnale.



Lekker afslag in die wintermaande
by ons troeteldiersalon
om te verseker Fluffy en Scruffy
se pelsies bly mooi.



YOUR **ONE-STOP** TENNIS, SQUASH, BEACH & PADEL SHOP



BIDI BADU.

TOPSPIN

TOOLZ

Balls unlimited



TURQUOISE



Visit our On-line shop

EST: 2012

TOPSPIN

SPORTSGEAR PTY LTD



We electronically re-string Tennis and Squash Rackets!

Juan-Philip 064 758 4443 – Linden Randburg

e-mail – info@topspinsa.co.za



Daleen 082 600 7894

Carina 082 603 8694



**Wil jy eiendom
in Linden en
omgewing
koop of
verkoop,
huur of
verhuur?**

**Kontak die plaaslike
eiendomspecialiste.
Linprop 011 888 2741
info@linprop.co.za**

SPAR



tops!
at SPAR



Robindale

**Speciality Food
& Liquor Boutique**



BEAN TREE CAFE



COOKED MEALS



SPECIALITY BUTCHERY



CATERING



VEGAN & VEGETARIAN



FIGURINE CAKES



WINES & CHAMPAGNE



Contact us on:
robindale1@spar.retail.co.za
010 055 3136

Hulle hardloop, gooi en vlieg hoog by SA's

Dié Louwtjie-atlete het aan die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe deelgeneem, skryf Romé Pretorius.

Christopher Britz, graad 7



Mila Pearson, graad 7




Reder van Tonder, graad 6



Ons moet hom eintlik Christopher Blits noem, want hy het vierde gekom met die 1200 m. Die atleet van die Vrystaat, wat Christopher "Stokkies" noem, het verlede jaar die 600m-klubatletiek gewen en Christopher sê dié ou se tyd het hom gemotiveer om vinniger te hardloop. Hy dink hy kry sy talent van die Griffons, sy ma se familie.

Louwtjies se hoogspring atleet het eerste gekom by die SA's. Mila het haar hoogste nog ooit daar gespring, 1,67m. Voor sy spring, dink sy aan die ritme waarmee sy moet hardloop, sy sê 'n gebed en dan "go" sy net. Haar rolmodel is Shian Salmon, die bekende hoogspringatleet van Jamaika. *** Lees meer oor Mila op die volgende bladsy!**

Reder se spiesgooi-afrigter is mnr. Jan van der Merwe, wat hom gehelp het om na die SA's toe te gaan. Hy het 34m gegooi en 'n vierde plek behaal. Hy wou alles probeer en toe sien hy dat hy goed is in spiesgooi. Hy sê: "Die tegniek is moeilik en dan moet jy ook nog jou treë regkry."



75 JUDGES AVE, CRESTA

SLUIT NOU AAN
0824529213

INTRO-KLAS
BESKIKBAAR

VIR ALLE
OUDERDOMME

BEGINNERS
WELKOM

TRADISIONELE KOREAANSE GEVEGSKUNS

태권도
ALCHEMY
MARTIAL ARTS

- SELFVERTROUE
- SELFVERDEDIGING
- SELFDISCIPLINE
- KOÖRDINASIE
- SOEPELHEID
- FIKSHEID



Mila spring van SA tot in Switzerland



Die Louwtjie-hoogspringster en SA-atleet, Mila Pearson, verruil in Junie die Suid-Afrikaanse son vir die Switserse Alpe (en sjokolade!). Cara van der Waal het so bietjie met haar daaroor gesels.

Hoekom trek julle Switzerland toe?

"My ma het 'n werk daar gekry by 'n farmaseutiese maatskappy."

Is jy opgewonde om te trek?

"Ja baie, want dit is 'n groot geleentheid en nie baie kinders kan sê hulle trek oorsee nie. Dis ook 'n groot voorreg."

Wat gaan jy mis van Louwtjies?

"My vriende en onderwysers. Hulle is baie ondersteunend."

Wat gaan jy mis van Suid-Afrika?

"Ek gaan die warm see baie mis."



Waar in Switzerland gaan julle bly?

"Ons gaan in die stad Basel bly." (Basel is in die noordweste van Switzerland. Dit is bekend vir al sy museums en kunsgalerye.)

Waar gaan jy in Switzerland skoolgaan?

"Ek gaan na die International School of Basel (ISB) toe."

Dink jy dat jy in Switzerland aan hoogspring sal bly deelneem?

"Ja, ek wil baie graag nog hoogspring."

Waarna sien jy die meeste uit van Switzerland?

"Ek sien baie uit daarna om die nuwe omgewing te sien, en natuurlik om die sjokolade te eet."

Dink jy dat jy en jou gesin ooit weer terugkom Suid-Afrika toe?

"Ja, ons gaan definitief vir vakansies by die see terugkom."

Is hoogspring 'n big deal in Switzerland?

"Daar is atlete in Switzerland soos Salome Lang, 'n Olimpiese-hoogspringatleet. Switzerland ondersteun al hulle sportsterre."



WOORDSOEK

VIND DIE WOORDE

B	I	B	L	I	O	T	E	E	K	T	Y	R	T	R	H
R	U	I	E	E	T	S	T	U	D	E	N	T	G	O	U
K	L	A	S	K	A	M	E	R	G	H	M	Y	H	O	I
Q	R	Y	K	F	T	G	H	J	L	P	N	T	F	S	S
J	A	F	H	U	N	I	F	O	R	M	V	I	D	T	W
H	U	K	K	H	S	C	C	G	J	K	C	M	S	E	E
R	V	F	N	B	A	V	X	D	G	H	R	N	S	R	R
U	H	L	F	A	F	D	F	V	R	I	E	N	D	E	K
G	B	B	H	R	B	M	J	L	S	N	U	N	S	H	A
S	F	Z	N	P	O	U	S	E	D	L	J	N	A	W	S
A	X	O	H	P	J	U	P	Y	G	J	F	D	H	W	D
K	E	A	L	F	A	B	E	T	V	G	G	S	V	U	D
E	R	P	Z	X	K	Q	Y	T	B	S	K	O	O	L	G

- uniform
- alfabet
- juffrou
- student
- vriende
- skool
- biblioteek
- pouse
- klaskamer
- huiswerk
- rooster
- rugsak

HELP VIR LOUWTJIE OM SY PAD TE VIND



Leiers oor trots en senuwees op baan en veld

Die kapteins van die eerste netbal- en rugbyspan het met Ava Beukes gesels.



Die netbal-hoofkaptein is
Lené Viljoen in graad 7

Watter posisie speel jy?

"Ek speel senter."

Hoe voel dit om Louwtjies te verteenwoordig as kaptein?

"Dit voel baie goed en ek's baie trots om die geleentheid te hê."

As iemand van die A-,B- of C-span nie 'n doel inkry nie, wat is jou raad om beter te mik?

"Haal net diep asem, kyk na die paal en vat jou tyd. Lig en rol."

Is dit lekker om Eerstespan te speel?

"Dis baie lekker, want dis goed om sterk kompetisie te hê. Maar partymaal is dit moeilik omdat jy baie druk het."

Hoekom sal jy iemand wat wonder, oortuig om netbal te speel?

"Netbal is so 'n ongelooflike sport en 'n mens kan altyd iets nuuts probeer."

Die onderhoofkaptein van die eerste netbalspan is
Emma Mellet in graad 7.

Watter posisie speel jy?

"Ek speel AV."

Hoe voel dit om Louwtjies te verteenwoordig?

"Ek is baie trots! Ons is 'n wonderlike span met 'n wonderlike afrigter en spangees. Daar's bietjie druk op my, maar tog bly dit lekker."

As iemand van die A-,B- of C-span nie 'n doel inkry nie, wat's jou raad om beter te mik?

"Haal diep asem, tel tot drie, mik en rol die bal. Ek glo jy moet die doele ook motiveer."

Wat is jou raad vir iemand wat netbal wil probeer?

"Dis lekker! Kom! Mens raak fiks en leer nuwe vaardighede en maak nuwe vriendskappe."



Ulrich Erasmus in graad 7
is die kaptein van die eerste rugbyspan

Watter posisie speel jy?

"Ek is agtsteman."

Is dit lekker om kaptein van die eerstespan te wees?

"Ja dis baie lekker. Soms maak jy foute en dis nie so lekker nie."

Raak jy ooit bang vir groter ouens op die veld?

"Nee, dalk so nou en dan *nervous* maar dis al."

Teen watter skool speel jy die lekkerste wedstryde?

"Laerskool Leeuwenhof of Unika, omdat wedstryde teen hulle die moeilikste is."

Wat is die seerste wat jy al ooit gekry het?

"Verlede jaar teen Jan Celliers het 'n ander speler per ongelukkig sy knie teen my kop gekap. Ek het flou geval en harsingskudding gehad."

Watter Springbok-rugbyspeler is jou gunsteling en hoekom?

"Eben Etzebeth, want as almal dink ons gaan verloor, doen hy iets om dit te verander."